# DIE STAAT ISRAEL

Meeste gelowiges het ‘n teer plekkie vir Israel omdat dit jare lank vir ons voorgehou is as Bybelse Israel. Dis egter nie die waarheid nie, en as gevolg van diè leuen word die Woord, die waarheid daarvan, sodanig geneutraliseer dat gelowiges ‘n **verkeerde** roete neem.

## FISIESE ISRAEL OF GEESTELIKE ISRAEL

Die verkeerde roete is die geloof in die bestaan van ‘n fisiese Israel, terwyl Israel deur ons vader in die geloof, AbraHam, geestelik is.

> Gal 3:6 Net soos Abraham in Elohiem geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.
> Gal 3:7 Julle verstaan dan dat **die wat uit die geloof is**, hulle is **kinders van Abraham**.
>
> Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En **aan jou saad**, dit is **Messias**.
>
> Gal 6:15 Want in Messias JaHUsha het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n **nuwe skepsel**.
> Gal 6:16 En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die **Israel van Elohiem**!
>
> Rom 9:6 Maar *ek sê* dit nie asof die woord van Elohiem verval het nie; want hulle **is nie almal Israel** wat **uit Israel is nie.**
> Rom 9:7 Ook nie omdat hulle AbraHam se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word.
> Rom 9:8 Dit wil sê, nie hulle is kinders van Elohiem wat die kinders van die vlees is nie, **maar die kinders van die belofte** word gereken **as die nageslag**.
>
> Rom 4:1 Wat sal ons dan sê, het Abraham, ons vader **na die vlees**, verkry?
> Rom 4:2 Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te roem, maar nie teenoor Elohiem nie.
> Rom 4:3 Want wat sê die Skrif? Abraham het in Elohiem **geglo**, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

Om te verstaan hoedat die Israel volgens die Skrif vandag in en deur Messias is, lees: “UIT EGIPTE HET EK MY SEUN GEROEP”.

## FISIESE JERUSALEM EN DIE JERUSALEM VAN DAARBO AS TWEE VERBONDE

Verder moet daar ook onderskei word aangaande fisiese Jerusalem en geestelike Jerusalem.

Dit is onderskeidelik **voorstellings of sinnebeelde** van ...

1. Die **Boek van die Verbond** (*die “My Verbond”*) in Exodus 19, veral Ex. 19:5 – 6 en

2. Die **Wetboek** (" *'n Verbond")* in Ex. 34, veral vers 27.

- Die Boek van die Verbond word dikwels in die Skrif aangedui as: "My Verbond" omdat JaHUaH by Homself gesweer het (Gen. 22:16, Heb. 6:13, Luk. 1:73, Heb. 7:21).

- Die Wetboek is die Levitiese Stelsel wat ingestel is nadat hulle die Boek van die Verbond verbreek het met die aanbidding van die Goue Kalf.

Hierdie twee boeke of verbonde is nie dieselfde nie. Dis waar die Messiaanse beweging dwaal, en die kerk het na die ander kant toe daaroor gedwaal.

Fisiese Jerusalem en die Jerusalem van daarbo gaan onderskeidelik dan saam met hierdie *My Verbond* as Boek van die Verbond (wat weer voortgesit word in die N.T.) en die *'n Verbond* as Wetboek wat gekanselleer is op die Folterpaal.

> Gal 4:22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye.
> Gal 4:23 Maar die een uit die slavin is gebore na die **vlees**, en die ander een uit die vrye deur die **belofte**.
> Gal 4:24 Dit is **sinnebeelde**, want dié vroue staan vir **twee verbonde**: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar;
> Gal 4:25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die **teenswoordige Jerusalem** en is met haar kinders saam in **slawerny**.
> Gal 4:26 Maar **Jerusalem daarbo** is **vry**; en dit is die **moeder van ons almal**.
> Gal 4:27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.
> Gal 4:28 Maar **ons**, broeders, is soos Isak, kinders van die **belofte**;
> Gal 4:29 maar soos destyds hy **wat na die vlees gebore is**, hom **wat na die Gees** was, **vervolg het**, so is dit **nou ook**.
> Gal 4:30 Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.
> Gal 4:31 Daarom, broeders, **ons is nie kinders van die slavin nie**, maar van die **vrye**.

Vir meer inligting oor die twee ordes sien "DIE ORDE VAN MELGISEDEK TEENOOR DIE LEVITIESE ORDE".

**IDENTITEIT VAN DIE HUIDIGE INWONERS VAN DIE STAAT VAN ISRAEL**

Die Staat van Israel word vandag bewoon deur die meerderheid (90% plus) Askenasi Jode uit Europa wat nakomelinge van Jafet is, want Askenas was 'n kleinseun van Jafet.

> Gen. 10:1 – 3 En dit is die stamboom van die seuns van Noag: Sem, Gam en **Jafet** – vir hulle is daar seuns gebore nà die vloed.
> **Die seuns van Jafet** was: Gomer, en Magog en Madai en Jawan en Tubal en Meseg en Tiras.
> En die seuns van Gomer was: **Askenas** en Rifat en Tiras.

Die Koning van Khazaria in die Suidelike Rusland het sy volk, die nasate van Askenas, tot Judaisme bekeer in die donker middeleeue. Dit was eintlik die wieg van Europese "Jode".

Arthur Koestler wat self 'n trotse Askenasi Jood was, het hieroor geskryf in sy boek: "The Thirteenth Tribe".

Nakomelinge van Jafet is dus nie Semiete nie. Semiete moet vanaf Sem wees. Daar is 'n interessante profetiese vers in die Woord in diè verband ...

> Gen. 9:27 Mag Elohiem aan **Jafet** ruimte verskaf, en **mag hy woon in die tente van Sem**! Maar Kanaän moet sy dienskneg wees.

Dit beteken dat dit merendeel afstammelinge van Jafet is wat vanaf Europa na destydse Palestina gekom het toe die Staat van Israel tot stand gekom het. Jafet woon letterlik vandag in Sem se tente.

Ons kan dus nie praat "Anti-Semitisme" nie en Gen. 12:3 het dus **geen betrekking** hier nie, want AbraHam was 'n nasaat van Sem, nie van Jafet nie.

> Gen. 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Met bogenoemde vers word daar egter baie gemanipuleer deur die Valse Profeet om sodoende ondersteuning vir die Staat van Israel te kry, terwyl die plan daaragter polities georienteerd is. Die Politiek van die wêreld is die Dier van Openbaring. Die Valse Profeet en die Dier in hulle rolle, dus. *(Sien: "DIE DIER EN SY BEELD" en "TWO KINGDOMS".)*

Let wel, hier word nie Jode-haat aangemoedig nie, want besnedenes en onbesnedenes word albei ingelyf in die Olyfboom van Romeine 11 wanneer JaHUsha as die Gesalfde aanvaar word, m.a.w. Jood en Griek soos die Woord dit uitdruk.

> Rom 10:11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.
> Rom 10:12 Want daar is **geen onderskeid** tussen Jood en Griek nie; dieselfde Meester tog is Meester van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
> Rom 10:13 Want: **Elkeen** wat die Naam van JaHUaH aanroep, sal gered word.

Dit is dus baie interessant dat die konflik in Israel hedendaags is **tussen** ...

(1) die oorspronklike oorblyfsel van die Jode wat uit Babilon na die land teruggekeer het in Esra en Nehemia se dae, asook die wat in die land agter gebly het volgens 2 Kon. 24:14 en 2 Kon. 25:12 (*wat wel afstammelinge van Sem was, maar vandag bekend is as die Palestyne*)

**en**

(2) Jafet of dan Askenas se afstammelinge.

Wat is dus dan nou Anti-Semitisme, kan 'n mens dadelik wonder. Alles is net die omgekeerde as wat dit in die media en leringe weerspieël word.

Praat die Skrif hiervan? Inderdaad.

> Open. 2:8 …. en die lasteringe van **die wat sê** dat **hulle Jode is** en **dit nie is nie**, maar 'n **sinagoge van die Satan**.
>
> Open. 3:9 Kyk, Ek gee jou uit die **sinagoge van die Satan**, van **die wat sê dat hulle Jode is** en **dit nie is nie**, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

In die **fisiese** Staat van Israel word die **fisiese** Torah van **Moses** dan vandag toegepas, afgesien nog van al die byvoegings uit die Babiloniese Talmoed.

Maar die **geestelike** Israel van Elohiem (*Gal. 6:15 – 16*), moet die **geestelike** Torah van **Messias JaHUsha** volg soos Hy dit self vir ons geleer het in die hele Nuwe/Hernude Testament.

Die huidige Staat van Israel is nie die Skriftuurlike Israel van die Ou Testament nie. Dit het tot stand gekom in 1948 deur die Sionistiese Bebeweging met behulp van die Verenigde Nasies en soos bogenoemde skrifte uit Openbaring getuig, word dit gebruik om die infrastruktuur vir die Anti-Messias se koninkryk te skep.

Ongelukkig word die ware geskiedenis van die totstandkoming van die staat Israel nie so geredelik aangebied nie, maar daar is wel genoeg bronne as mens regtig wil weet, bv.

- https://ifamericaknew.org/history/realstory.html
- https://www.youtube.com/watch?v=1zDlZXdB3-Y

Die destydse bewoners van Palestina moes plek maak sodat die Europese "Jode" nà die wreedheid van Hitler 'n heenkome kon hê. Was die oorlog met 'n doel opgestel?

Weereens is daar duisende onskuldige mense wat slagoffers word van die planne van die Nuwe Wêreldorde ... aan die kant van Askenasi "Jode" wat met skepe aangebring is, maar ook vir die inwoners van Palestina.

Die destydse inwoners van Palestina wat die 'Fellaheen' genoem word, was grotendeels die nageslag van die oorspronklike Hebreeuse Volk, die menigte van mense met gemengde bloed wat uit Egipte gekom het (Ex. 12:38) wat in die land ingebring is deur Josua.

Hulle het wel gedurende die Ottomanregering die Moslem geloof onder druk aangeneem om hulle grond te kon behou om sodoende te kan bly lewe as klein bestaansboere, aangesien die belasting vir nie-Moslems sodanig was dat hulle nie sou kon lewe nie.

Dit is wel geestelike afvalligheid in die oë van JaHUaH, en hulle betaal vandag nog die prys daarvoor. Daar is geestelike vergelding soos wat profesie ontvou.

Die eerste President, Ben Gurion en eerste Eerste Minister Yitshak Ben Zvi was albei historici wat in hulle eertydse skrywes erken het dat die Fellaheen van Palestina die oorspronklike Hebreërs (gemengde bloed) is wat saam met Josua in die Land ingekom het, nà die Uittog uit Egipte uit.

Dit was eers die plan dat almal sou saamwoon, die Fellaheen, en die Europese "Jode", maar die konflik tussen die twee partye het die Plan van Assimilasie laat verander na 'n Plan van Etniese Opruiming.

Daar is egter mense soos Prof. Shlomo Sand wat 'n studie gemaak het aangaande hedendaagse "Jode" of dan liewer, die Israelies van vandag. Hy is 'n Emeritus Professor van Geskiedenis van die Tel Aviv Universiteit.

Hy het verskeie boeke gepubliseer aangaande sy bevindinge en een daarvan is getiteld: "How I ceased to be a Jew".

> *"How I Ceased to Be a Jew*
>
> In 2013, Sand published a book entitled *How I Stopped Being a Jew* (ISBN 978-2081278363, ISBN 978-1781686140). The book examines the question of Jewish identity and the distinction between being a Jew and being Israeli. It also examines the identity of Israel, with a focus on the country's relationship, as a "Jewish state," to Jews around the world and to its non-Jewish citizens.[35] He expresses a desire to break with what he sees as a 'tribal Judeocentrism' subject to the 'caprices of the sleepwalking sorcerers of the tribe,' expressing a deep attachment to the Hebrew language and to a secular ideal of Israel.[8]"

Daar is ook Eran Elhaik, self 'n "Jood" en 'n wetenskaplike, wat agter gekom het dat die "Jode" nie Semiete is nie.

- https://www.veteranstoday.com/2018/09/06/eran-elhaik-in-search-of-the-true-jewish-patriarchs/
- https://www.forbes.com/sites/jonentine/2013/05/16/israeli-researcher-challenges-jewish-dna-links-to-israel-calls-those-who-disagree-nazi-sympathizers/#643ceed628bc
- https://www.timesofisrael.com/new-dna-tech-pinpoints-yiddish-origins-to-north-turkey/

Dan is daar Texe Marrs se waardevolle boeke en studies ook. Hier is net 'n paar kort lesings as opsomming:

- http://www.texemarrs.com/042013/jews_not_descendants_of_abraham.htm
- http://www.texemarrs.com/092013/jews_deny_being_khazars.htm
- http://www.texemarrs.com/082013/jews_are_khazars.htm

**ONS FOKUS**

Die Koninkryk van Elohiem is egter nou geestelik as die Koninkryk van die Hemel, terwyl die koninkryk destyds van die Jode afgeneem is omdat hulle JaHUsha 2 000 jaar gelede nie aangeneem het nie (Joh.

1:11) en daar is nou geen onderskeid meer tussen Jood en Griek nie. Elkeen wat JaHUsha aanneem is deel van Skriftuurlike Israel (Joh. 1:12, Rom. 11).

> Matt 21:42 JaHUsha sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die **Steen** wat die bouers **verwerp het**, dit **het 'n hoeksteen geword**. Hy het van JaHUaH gekom en is wonderbaar in ons oë?
> Matt 21:43 Daarom sê Ek vir julle: Die **koninkryk van Elohiem** sal **van julle weggeneem** en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.

Ons moet nie vandag op 'n fisiese Staat van Israel of sy inwoners fokus nie, maar op JaHUsha deur wie 'n geestelike Israel, die Israel van Elohiem (Gal. 6:15 – 16) tot stand gekom het, dan sal ons op die regte roete wees om die Koninkryk van die Hemel te vind, maar die pad is smal, en die poort is nou en daar is min wat dit vind (Matt. 7:14).

Lees hiermee saam: SKRIFTUURLIKE ISRAEL, APPLICATION OF TORAH IN THE ORDER OF MELEKTZADEK: TEACHING 13 – Critical Revelations Update from last six years en die DIE BALFOUR DEKLARASIE .

**SLOT**

Laastens kan ons net sê dat daar natuurlik baie teenargumente op die internet beskikbaar sal wees om die **wetenskaplikes** wat genoem is te probeer weerlê, maar vir ons wat glo dat die Woord deur JaHUaH geïnspireerd is, is die onomwonde bewyse daarin, terwyl die wetenskap van eerlike wetenskaplikes dit dan ook bevestig.

Die Woord verduidelik in die hele Nuwe Testament dat JaHUsha gekom het om die **Hemelse Koninkryk** as Goeie Nuus te verkondig as die evangelie. Sal ons dan daarteen in nog vir 'n fisiese koninkryk soek?

> Mark 1:1 Die begin van die **evangelie van JaHUsha Messias**, die Seun van Elohiem.

> Mark 1:14 En nadat Johannes oorgelewer was, het **JaHUhsa** in Galiléa gekom en die **evangelie** van die **koninkryk van Elohiem** verkondig
> Mark 1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die **koninkryk van Elohiem** het **naby gekom**; bekeer julle en glo die evangelie

In Matt. 13 het JaHUsha hulle met vele gelykenisse probeer verduidelik aangaande die Koninkryk van die Hemel, want hulle het net 'n fisiese koninkryk geken.

> "Die Koninkryk van die Hemel is soos .... "

Om te glo dat die Staat van Israel die Bybelse Israel is, hou dus eintlik die verloëning van die Nuwe/Hernude Testament in, wat beteken dat JaHUsha wat gekom het om dit te verkondig, letterlik verwerp word.

Wat ons glo is ons elkeen se eie besluit, maar met dit wat ons glo, kan ons onbewustelik dalk dit wat JaHUsha self gekom het om te verkondig as die Goeie Nuus, verwerp. Ons besluit sal bepaal wie gevolg word en waarheen daardie pad sal lei, na die JaHUaH Elohiem as Vader toe of nie.

Joh 14:6  JaHUsha antwoord hom: **Ek is die weg** en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe **deur My** nie.

0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2015